

Dalene Matthee

die skrywer

Saamgestel deur
GRIZÉLL AZAR-LUXTON

Bekendes bring hulde...

Eloise Wessels, uitvoerende hoof van NB uitgewers... Sy was een van die mees geliefde populêre skrywers in Afrikaans. Met haar boeke soos **Kringe**, **Fiela se kind**, **Pieterrella van die Kaap** en meer onlangs **Toorbos**, het sy die algemene Afrikaanse publiek weer aan die lees gekry en is 'n suksesvolle brug geslaan tussen gehaltelektuur en populêre lektuur.

Elsa Joubert, skrywer... Sy het dit reggekry dat mense wat nooit Afrikaans lees nie, Afrikaans lees - en dit is 'n wonderlike bydrae.

Wium van Zyl, letterkundige... Sy was soos Langenhoven. Soos hy, het sy iets vir die intellektuele leser en vir die gewone leser gebied. Sy het die leser blootgestel aan verskeie problematieke. Sy was 'n ekologis en 'n milde feminis wat met aandag en respek na die arm mens gekyk het.

Abraham H de Vries, skrywer... As daar nou iemand is oor wie die hele Suid-Afrikaanse skrywersgemeenskap vandag treur, is dit Matthee. Die stem van een van die heel beste storievertellers is dood. Net sy sou daardie bosverhale kon skryf, niemand anders sou kon nie.

André P Brink, skrywer... Matthee was een van die werklik beduidende stemme in die Afrikaanse lett erkunde. Ná **Kringe** en **Fiela se kind** het daar 'n popularisering in haar werk na vore gekom wat iets weggenem het van die dieptes wat sy in die eerste romans ontgin het. Met haar **Toorbos** was sy weer Matthee op volle sterkte, daarom is dit hartseer dat sy juis nou moes sterf.

Suzette Myburgh, vryskut taalversorger, onthou... By Tafelberg was een van die gunsteling-stories oor skrywers die een van die vrou wat met haar manuskrip in 'n plastiek-



Foto: NB Uitgewers

sak by die uitgewer aangekom het. Daardie vrou was Dalene Matthee, die boek, **Kringe in 'n bos**.

Kringe se ongelooflike sukses is gevolg deur dié van **Fiela se kind** en, in mindere mate, **Moerbeibos**. **Brug van die Esels**, **Susters van Eva** en **Pieterrella van die Kaap**.

Haar navorsing het gestrek tot vroeg in die 1940s, met die werk van die Carnegie-kommissie oor die armoedevraagstuk en die verwydering van die laaste houtkappers uit die Bos.

Oor die laaste in die Bos-reeks, **Toorbos**, het sy gesê: 'My Bos-boeke is soos 'n tafel wat op drie bene staan; hierdie een moet nog bykom.'

Amanda, dogter... Dalk het sy net uitgehou totdat haar nuwe boek, **Die uitgespoeldes**, en die vertaling daarvan klaar was.

Charles Fryer vertel eens...

Spioenkopweg 23, Hartenbos. 'n Ruim leefhuis waar mense dikwels verbyry en staan. Waar kwikkies ewe kontant by die woonkamer inwip vir kaas, verbeelde feetjies in die skaduryke binnehof woon, en uitverkore teddiebere uit haar dogter se versameling blinkoog in die geselskap sit.

Sy het my pas 'n slukkie blomsap ingejaag vir stres - haar 'rescue remedy'. Nou sit ons gemaklik in leunstoel. Ons het die laaste twee dae aan die finale manuskrip van **Pieterrella van die Kaap** gewerk en ly aan breinfloute.

'Wat het my makeer om 'n boek van oor die seshonderd bladsye te skryf?' vra sy gebelg, maar voeg haastig by: 'As ek al my

navorsing gebruik het, was dit drie maal so dik!'

Die navorsing alleen, weet ek, het drie jaar van haar lewe in beslag geneem. Nes die drie Bos-boeke altesaam sewe jaar se spuurwerk geveg het. Dalene Matthee doen nie 'n ding half nie. Haar ingebore weetgierigheid maak van haar 'n historiese bloedhond wat skrik vir niks. Trouens, die paaie van haar navorsing en haar vindingrykheid om versperrings te omseil, is 'n spanningsverhaal op sigself.

'Navorsing is soos dobbel,' sê sy. 'Jy raak verslaaf daaraan. Jy weet nie wat kry jy vandag nie. En dan het 'n vrou mos nog op haar solar plexus 'n spesiale sintuig. Jou maag sê vir jou as 'n ding nie reg is nie!'

En sy vertel hoe sy en medenavorser Dan Sleight op die eiland Mauritius gaan soek het na die plek waar Pieterrella se huis gestaan het. Eers heeltemal verkeerde koers. Haar 'maag' het dit vir haar gesê. Toe begin sy haar as vrou in die omstandighede inleef - waar sou sy vir háár 'n huis laat bou het? En hulle eindig by 'n plek naby 'n varswaterriviertjie waar alle verwysings klop. Respek vir die waarheid sit in Dalene se grein. 'Dit sal verskriklik wees om te weet jy het 'n lieg geskryf,' sê sy. 'As 'n skip moet uitvaar, is die windrigting tog belangrik. Pieterrella se skip verlaat die Kaap in die winter, dus sal die noordwester waai. En jy moet weet wanneer sal die seesiek hulle begin tref. Jy moet weet hoe so 'n seilskip werk, hoe die winde loop, hoe die storm hulle slaan, hoe hulle deur die koraalrif rondom Mauritius kom.'

Ek dink daaraan hoe verspot maklik dinge gebeur het in die seerowerverhale wat ek as kind gelees het. 'n Skrywer se inspirasie was genoeg om die skip se seile te laat bol staan. En verhongering en bloedsykt het nie in die pad van aksie gestaan nie.

Dalene, daarenteen, beskryf 'n seilskip dat jy hom hóór kraak en vóél kantel.

My gedagtes loop terug na die dag toe sy die manuskrip van **Kringe in 'n bos** in 'n plastieksak by Tafelberg kom afgee het. Platsak, want elke sent was nodig vir navorsing. Maar hierdie roman op 46 was 'n keerpunt. Dit het nie alleen 'n blitsverkoper in Afrikaans geword nie, maar 'n wêreldtreffer in sestien tale. 'n Jaar later, in 1985, was daar **Fiela se kind**, wat deur biblioteeklesers as die gewildste Afrikaans boek van die eeu aangewys is. In 1987 het **Moerbeibos** verskyn, en in die jare negentig **Brug van die esels** en **Susters van Eva**.

Pieterrella is die eerste historiese roman ná die Bos-trio - 'n boek wat as 't ware

gewag het vir die rekenaar, omdat sy daarmee die groter patrone in Eva en haar dogter se lewe kon ontdek. 'Ek wou al tien jaar gelede oor Eva skryf', sê sy, 'maar sy het elke keer onder my hande doodgegaan. Deur die oë van Pieterella kan ek haar laat leef.'

Maar skryf is 'n eensame ding, soos Dalene sê. 'Jy weet nie wat jy gedoen het nie.' Nou begin die wag op die eerste reaksies. En die onvermydelike skrywers-optredes.

'Ai jirre', sê Dalene, en sy klink nes een van haar karakters, 'ek soek nie al hierdie ander dinge nie. Ek wou maar net 'n boek geskryf het! Jy weet, ek is eintlik 'n baie private mens. Ek is nie goed in "crowds" nie. Eintlik moes ek in die veld gebly het.'

Ek herinner haar aan 'n reël uit haar jongste roman: 'Elkeen soek eintlik maar iets om van gelukkig te wees.'

'Ja, sê sy. 'I just want to be happy... Maar daar is so baie dinge wat tussenin foeter.' Sy kyk by die venster uit na waar 'n voël by 'n droë voëlbadjie te kere gaan. 'Wag, laat ek net gou daardie janfrederik tegemoetkom en die badjie vol water loop tap.'

Boekhandelaars se reaksie...

Wordsworth (Table View)... Dalene Matthee se boeke vlieg van die rakke af nadat haar dood bekend geword het. Een klant het al Matthee se boeke in voorraad gekoop. 'Dis altyd hartseer dat mense 'n skrywer eers erken ná hul dood,' het Scott Dunlop, bestuurder gesê.

PNA (George)... Boeke sal veral tydens die KKNK goed verkoop.

Exclusive Books (Tygervallei)... Verwag dat Matthee se laaste boek, **Die uitgespoeldes**, die verkoopsyfers van haar mees onlangse treffer, **Toorbos**, gemaklik sal oortref. 'Toorbos is die gewildste boek in ons winkel. Ons het meer eksemplare van dié boek as die nuutste **Harry Potter** boek verkoop.'

Penguin... Haar laaste boek voor haar afsterwe is **Die uitgespoeldes** en sal na verwagting in September verskyn en deur Books Suid-Afrika uitgegee word.

Volgens Jeremy Boraine, 'n uitgewer by *Penguin*, is daar nog nie op 'n titel vir die Engelse vertaling besluit nie. Hy het gesê dat die Afrikaanse en Engelse weergawes saam uitgegee sal word.

Meer oor Matthee

Dalene Matthee (gebore Scott) is in 1938 op Riversdal gebore. Sy het in 1957 daar gematrikuleer, en aan die Trinity College of Music (Grahamstad), asook by die Holy Cross Convent op Graaff-Reinet musiekopleiding ontvang. Na die geboorte van haar drie dogters skryf Dalene kinderverhale vir die radio, tydskrif- en vervolghere.

Voordat sy oornag roem verwerf het met haar eerste bosroman, het Dalene tydskrifverhale geskryf en twee populêre romans gepubliseer: '**n Huis vir Nadia** (1982) en **Petronella van Aarde, burgemeester** (1983). Haar eerste boek was 'n kinderverhaal, **Die twaalfuurstokkie** (1970), en in 1982 het daar ook van haar 'n bundel kortverhale, **Die judasbok**, verskyn.

'n Staptog in die Knysnabos het Dalene se nuuskierigheid so geprikkel dat sy begin navorsing doen het oor die bos en sy bewoners.

Kringe in 'n bos (1984), haar roman oor die uitwissing van olifante en die uitbuiting van houtkappers in die Knysna-bos, was 'n internasionale sukses. Nog twee bosboeke het gevolg: **Fiel se kind** (1985) en **Moerbeibos** (1987). Van **Fiel se kind** is 'n rolprent onder regie van Katinka Heyns gemaak. In 1993 het **Brug van die esels** verskyn en in 1995 **Susters van Eva. Pieterella van die Kaap** wat in Maart 2000 verskyn het, is opgevolg deur **Toorbos**. In 1993 word sy ook die eerste Suid-Afrikaner om die Stals Prys te ontvang - 'n prys van 25 000 switserse frank (R45 000) vir die bevordering van Christelik-Westerse waardes.

Dalene Matthee se boeke is in sowat sestien tale vertaal, onder meer Frans, Duits, Spaans, Italiaans, Hebreeus en Yslands. Sy het die ATKV Prys vir goeie gewilde prosa vier keer verower, en in 1993 het sy in Zürich 'n Switserse literatuurprys ontvang vir haar 'lewenskragtige literêre werk en haar hartstogtelike belangstelling in natuurbeskerming'.

Matthee is bekend vir haar historiese romans. **Pieterella van die Kaap** is op die oomblik slegs in Afrikaans beskikbaar. Dit is gebaseer op ware feite en het die skrywer vier jaar van intensiewe navorsing en skryf gekos. Die historiese stof was so oorweldigend dat sy die hulp moes inroep van 'n medenavorser, dr Dan Sleigh. Aan Sleigh is sy baie dank verskuldig omdat hy haar die 'miljoen-dollar' wenk gegee het dat sy die storie van Krotoa-Eva, 'n Hottentot-vrou wat as tolk gedien het tussen die VOC-setlaars en die plaaslike bevolking, laat vertel deur die oë van haar dogter, Pieterella. Matthee sê in 'n onderhoud met Herman Wasserman van **Die Burger** (April 2000): 'Ek het dekades gelede al besluit dat ek oor Eva wil skryf, maar sy het bly doodgaan. Sy het maar net nie bloed gekry nie. Dis omdat sy net 'n spikkeltjie was in 'n reusagtige handelsorganisasie en daar min oor haar opgeteken is. Ek het gevoel daar was binne die magtige handelsmaatskappy van die VOC 'n komplot om Eva bloot 'n tolk van slawe en base te hou. Al het sy so 'n groot rol gespeel as tussenganger. Sy het Hollands gepraat soos 'n Hollander.'

'Toe kom Dan Sleigh se boek, **Die buiteposte**. Ek hoor 'n klok en besef: Soek eers Eva en die Deense chirurg, Van Meerhoff, se dogter, Pieterella. Daar gaan jy vir Eva kry. Daar het bevryding vir my as skrywer met hierdie besef gekom.' Matthee het vertel dat die beskawing die regte mense van die Hottentotstam, die Goringhaikona, kom wegvat het. Die Hollandse idee van beskawing was hulle ondergang. Matthee het gesê sy het dikwels in haar verbeelding by die Hottentotte gaan kuier en dan in haar hart vir Eva-Krotoa geween. Soos 'n film ontwikkel wanneer hy aan lig blootgestel word, so het Eva, onder meer, deur Pieterella se storie vir haar al hoe helderder begin word.

Op 'n vraag: Hoekom sy oor haar wil skryf? 'Wat maak haar so interessant? het Matthee geantwoord: 'Ek wil haar onthou met eer. Sy was vrou-alleen in 'n magtige handelsorganisasie en moes aan albei kante reg optree. Aan die kant van die Europeërs en aan die kant van die mense van die Kaap.'

Al haar boeke tot dusver het heelwat navorsing vereis, maar **Pieterella** s'n die meeste. Dit verskaf haar oneindig bevrediging om so na te vors. 'Ek moet eers die feite hê. Hulle is my bakstene. Die bou is vir my die moeisame proses. Maar hel kan ek vir jou pleister. Dis nou waar my gawe lê. Om te kan pleister kos intuïsie. Dit kos voel. Dis hoe ek Pieterella loop kry het. Ek voel haar. Ek voel haar as rou veertienjarige meisie wat gaan trou. Sy leer voetjie vir voetjie leef,' sê Matthee. Die ontdekking van haar Mauritius-dagboek was 'n groot hulp.

Matthee het selfs 'n draai in Nederland gemaak om te gaan navorsing doen. In Den Haag by die Skeepsvaartmuseum het sy gaan kyk na al die instrumente wat in die VOC se diens

gebruik is. Daar is 'n volledige replika van 'n antieke skip. Sy het ook die chirurgiekamer gaan beleefsoos dit toe was. Sy het gaan uitvind oor martelmetodes. In Amsterdam by die Rijksmuseum het sy gaan kyk na die kleredrag en gebruiksartikels uit Van Riebeeck se tyd. Sy het deur die VOC se kamers vol skatte gegaan waar sy elke oomblik iets nuuts geleer het.

Op Mauritius het sy saam met Dan Sleigh gaan navorsing doen oor die Nederlandse teenwoordigheid daar. Daar is egter altyd 'n mate van fiksionalisering betrokke by enige hervertelling van die geskiedenis. Historiese 'feite' is nooit los te maak van die een wat die geskiedenis opteken nie. Matthee sê egter dat dit vir haar belangrik is om getrou te bly aan die gegewens wat sy in haar navorsing teëkom. Haar boeke het altyd 'n vertrekpunt uit die werklikheid. Al haar boeke het 'n waarheidskonneksie. 'As ek eers 'n waarheid het om die verhaal aan op te hang, dan werk ek op my beste,' sê sy.

Op 'n vraag: Wat in Pieterella se verhaal het dit die moeite werd gemaak om so te swoeg? Wat kan ons daar leer? antwoord Matthee: 'Om haar verhaal te vertel is soos om 'n groot ou boom versi-i-igdig oop te grawe sodat jy sy wortels 'n slag goed kan bekyk. Wat 'n mens uit Pieterella se verhaal kan leer, is nommer een en nommer twee en nommer drie: dat die Hottentotte 'n ongelooflike volk was en dat ons moet huil omdat ons so min van hulle af weet. Hulle was die regte mense van die Kaap, van die Suide van Afrika. Deur alles heen voel ek die Hottentotte se pyn en ek is kwaad. Ek huil nie, maar ek is kwaad. Soos Pieterella kwaad was. En dan kom die versoeking om anderkant jou voel dinge by te voeg, maar jy weet jy kan nie 'n jota of titel byvoeg nie. Al het ek die boek geskryf, is dit nog nie uit my uit nie. Dit sal maar seker altyd daar wees soos 'n herinnering, 'n skim van iets wat ek self geleef het. Daar was tye wat ek vir myself wou sê: God but they are beautiful. Hoe 'n mens dit in Afrikaans sê weet ek nie,' sê Matthee.

Bronne

Fryer, Charles. Dalene Mathee. www.nb.co.za./Tafelberg/tbAuthorCV.asp?iAuthor_id=2363

Isaacs, A. Matthee se boeke verkoop fluks. **Die Burger**, 22.02.2005. (p.2.)

Myburgh, S. Matthee-toorkrag steeds in die lug. **Die Burger**, 23.02.2005. (p.14.)

News25.com. Entertainment. 20 Februarie 2005. www.news24.com/news24/entertainment/local/0,,2-1225-1242.1665225,00.html.

Pople, L. Dalene Matthee beswyk. **Die Burger**, 21.02.2005. (p.1.)

Tafelberg. 16 April 2004. Skrywer. www.nb.co.za./Tafelberg/tbAuthorCV.asp?iAuthor_id=2363